VERSLAG VAN DIE
FINANSIËLE – EN ADMINISTRATIEWE KOMITEE
OKTOBER 2021 – OKTOBER 2023

KOMITEELEDE:

Stephani Venter	Voorsitter
Karn Botha	Lid
Susan Le Roux	Lid
Suzette Viljoen	Lid

1. WERKSAAMHEDE

Kantoor en personeel: Die kantoor is steeds in die Erfenisstigting-gebou op die terrein van die Voortrekkermonument. Alhoewel dit 'n gerieflike kantoor is, het dit noodsaaklik geword om geskikte kaste vir stoorplek van voorraad aan te bring. Die UB be-oog om met die volgende begroting voorsiening te maak vir noodsaaklike opgradering van die kantoor. Dit sal ook terselfdertyd as 'n geleentheid gebruik word om die kantoor te verfraai sodat DK hierin weerspieël word.

Karien Snyman bedryf die kantoor baie effektief en die administrasie verloop glad. Daarvoor bedank ons Karien hartlik. Sy is voorwaar 'n staatmaker en steunpilaar in die kantoor.

Finansies: Die finansies word op Pastel gedoen. Ná die vorige probleme het die UB besluit dat die finansies uit die kantoor bedryf moet word en nie langer deur 'n lid van die UB nie. Dit verseker dat behoorlike toesig en beheer oor die finansies uitgeoefen kan word. Gesonde praktyk en deursigtigheid word terselfdertyd bevorder. 'n Verdere rede vir hierdie besluit is om te verseker dat kontinuïteit in die hantering van die finansies gehandhaaf word.

Die stelsel is vereenvoudig om die transaksies te laat vloei. Karien het met groot bereidwilligheid en deursettingsvermoë hierdie taak aangepak. Suzette Viljoen, wat 'n lid is van die komitee, het tyd by Karien in die kantoor deurgebring om met hierdie groot taak te help. Ek rapporteer graag dat hierdie oefening groot vrugte afgewerp het. Ek is oortuig dat die finansies net so glad verloop soos die res van die administrasie.

Kantoorure: Die halfdagpos is omskep in 'n voldagpos. Dit verseker dat die kantoorwerk afgehandel kan word en die behoefte vir oortyd uitgeskakel word. Daar is tans die ooreenkoms dat dieselfde aantal ure afgegee word vir werk wat oortyd geskied. Laasgenoemde verwys hoofsaaklik na werk tydens die UB-vergaderings.

Die Dameskring

2. INKOMSTE

Ledetal 1 Oktober 2021: 767 (Onder 70 jr: 290, bo 70 jr: 477)
1 Oktober 2023: 670 (Onder 70 jr: 397, bo 70 jr: 273)

As ‘n lede-organisasie is DK se enigste bron van inkomste die ledegeld wat jaarliks deur lede betaal word. Soos almal weet, is daar jare terug die vergunning gemaak dat lede van 70 jaar en ouer ‘n verminderde bedrag ledegeld betaal. Hierdie besluit is besig om ons in te haal. Die gemiddelde ouderdom van ons lede is hoog en al meer lede bereik die ouderdom waar hulle die verminderde bedrag betaal.

Die UB poog ten alle tye om DK bekostigbaar te hou vir ons lede. Die volgende stappe is geneem om hierdie groot probleem aan te spreek:

1. Met die jaarlikse vasstelling van ledegeld deur die UB, poog die UB om geleidelik die gaping tussen ledegeld van lede jonger as en ouer as 70, te verklein. Ek beklemtoon graag die beskrywing GELEIDELIK, om die lede gerus te stel dat niemand opeens ‘n groot styging in ledegeld gaan beleef nie.

   Verder het die UB ook die fasiliteit geskep waarimeeledegeld in tien gelyke dele verdeel kan word en dus oor ‘n tydperk van tien maande betaal kan word.

2. Die grootste verwikkeling is egter die ontstaan van ons aanlyn winkel nl. Die Koöp. Hierdie droom het gerealiseer onder die bekwame leiding van Karin Stoffberg. Hieruit het ‘n wonderlike uitbreiding ontwikkel. Ons het die geleentheid gekry om deel te wees van die Kersmark by die Voortrekkermonument gedurende Desember 2022. Dit was ‘n wonderlike geleentheid wat soos blits op ons afgekom het en ons het dit met albei hande aangegryp. Ons president en Die Koöp-span het wondere verrig en ‘n groot sukses van die Kersmark gemaak. Die verkope was so goed dat dit definitief kan ontwikkel in ‘n suksesvolle manier om ons inkomstebasis te vergroot.

3. GE-OUDITEERDE FINANSIËLE STATE

Die ge-ouditeerde finansiële state word jaarliks aan alle takke gestuur. Tans is die aangestelde diensverskaffer Botha Rekenmeesters. Die state is by alle takke gesirkuleer met enkele aantekeninge ter verduideliking.

4. BELEGGINGS

Die opgehoopte fondse waaroor Die Dameskring beskik, word met groot omsigtigheid hanteer en en daar word deurentyd gekyk na beleggingsgeleenthede wat die beste opbrengs sal verseker.

5. Die Dameskring Beursfonds

Bydraes tot die Die Dameskring Beursfonds word deur ons lede gedoen op ‘n vrywillige basis. Ons maak staat op die welwillendheid van lede en hulle keuse om betrokke te wees by hierdie wonderlike inisiatief. Kontak word met beurshouers gehou om te verseker dat vordering deur die studente deurgegee word. Die sub-komitee wat die beursfonds behartig doen ‘n reuse werk en ons is dankbaar vir hulle toewyding. Die volgende toekennings is die afgelope jare gedoen:

2019: R10 300 x 6 = R61 800,00
2020: R10 000 x 6 = R60 000,00
2021: R10 000 x 3 = R30 000,00
2022: R10 000 x 3 = R30 000,00
2023: R10 000 x 1 en R7 500 x 4 = R40 000,00

Baie dankie aan elke lid wat gehelp het om hierdie toekennings te kon verwesenlik. Met die beursfonds maak ons ‘n verskil in ons jongmense se lewens.

6. Algemeen

Die UB hanteer die finansies van Die Dameskring versigtig en met oorleg. Waar daar enigsins ’n moontlikheid op ’n besparing is, word dit ondersoek en deurgevoer. Die UB-vergaderings word vanaf Junie 2022 in Pretoria aan huis van Karin Stoffberg gehou. Daar is slaapplek aan UB-lede verskaf in haar huis sowel as by Heléne Richter. Ons hartlike dank hiervoor. Dit het die koste van UB-vergaderings baie verminder.

Die opstel van ’n jaarlikse begroting is ook verfyn en daar word gepoog om ’n ten volle befondsde begroting saam te stel. Deur die loop van die finansiële jaar word vergelykende verslae tussen begrote syfers en werklike syfers maandeliks opgestel. Dit verseker dat uitgawes binne die begroting bly.

7. Bedanking

Ek wil graag die lede van die Finansiële komitee bedank vir hulle ondersteuning en hulp. Die afgelope termyn het sy uitdagings gehad, maar saam kon ons altyd die wa deur die drif kry. Ek is steeds oortuig dat die besluit van die UB om finansies vanuit die kantoor te bedryf, wys en doelmatig is. Die UB verskaf genoeg hulpmiddele en ondersteuning om daarvan ‘n groot sukses te maak. Versigtige besteding en deursigtigheid bly ons leuse.

Stephani Venter
VOORSITTER: FINANSIËLE – EN ADMINISTRATIEWE KOMITEE